**19 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 23:29-36**
**Fokusgedeelte: Matteus 23:34, 35**

**Die slangfamilie verander nie maklik nie**

Ons Skrifgedeelte is so hard, veroordelend dat die evanglie byna nie gehoor word nie. Hoor: *Julle slange, addergeslag! Hoe sal julle kan ontkom aan die straf in die hel* (vs 33)? En: *(J)ulle (is) verantwoordelik vir die bloed van al die vromes wat op die aarde uitgestort is, van Abel af tot by Sagaria seun van Berekja ...* (vs 35). Dis geweldige woorde.

Dis gepas dat ons vandag oor hierdie Skrifdeel nadink, want dit is nou Paasnaweek. In hierdie tyd dink ons aan die kruisiging, begrafnis en opstanding van ons Here, Jesus Christus. Hy wat onder aanvoering van die skrifgeleerdes en Farisieërs gevange geneem en onskuldig veroordeel is. Daarmee het hierdie leiers hulle tot hulle bose voorgangers verbind. Slange bly slange. Die nageslag van die slange (Satan en syne) het nie verander nie. Dis slange wat vir Abel en Sagaria doodgemaak het. Dis ook slange wat vir Christus gekruisig het.

Nou verkondig Christus dat God die onregte sal straf. Die slangleiers en hulle aanhangers sal gestraf word. Ewig in die hel! Tog is hierdie harde woorde ook evangelie. Dit roep alle mense op om hulle te bekeer. Van die slangfamilie oor te gaan na die Christusfamilie. So kan versoening en die ewige lewe ontvang word. Nikodemus was so een.

Die vraag is: Tot watter groep behoort ek en jy? Is ons deel van die slangfamilie (vervolgers) of deel van Christus se liggaam, sy kerk?

*Sing: Psalm 2:6 (1936)*

*Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)*